

**Skriflesing:** Mattheus 24:36-44

Teks: **Mattheus 24:37,42**

**Sing-** Ps. 84:1; Ps. 119:54; Ps. 52:4; Ps. 36:2,3

**Mat 24:36** Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen.

**Mat 24:37** En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.

**Mat 24:38** Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het,

**Mat 24:39** en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.

**Mat 24:40** Dan sal daar twee op die land wees; die een word aangeneem en die ander word verlaat.

**Mat 24:41** Twee vroue sal by die meul maal; die een word aangeneem en die ander word verlaat.

**Mat 24:42** Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie.

**Mat 24:43** Maar weet dit: as die huisheer geweet het in watter nagwaak die dief sou kom, sou hy gewaak en nie toegelaat het dat in sy huis ingebreek word nie.

**Mat 24:44** Daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie.

**Skriflesing:** Mattheus 24:36-44

Teks: **Mattheus 24:37,42**

**Sing-** Ps. 84:1; Ps. 119:54; Ps. 52:4; Ps. 36:2,3

Broeder en suster- Daardie Dinsdag van Jesus se laaste week op aarde, is daar baie gepraat, alhoewel daar nie veel gebeur het nie. Maar die baie woorde wat gesê is, dit is wat daardie Dinsdag werklik tel en werklik saakmaak. Vandag is steeds deel van die Profetiese rede, ja ons het die Sondag van Nagmaal, veral by die nabetraging gehoor dat die tydsvraag en die tekenvraag, is deur Jesus se dissipels aan die orde gebring, alhoewel hulle sekerlik nooit so 'n lang antwoord verwag het as wat Jesus nou besig is om aan hulle te gee nie.

Die vyeboom waarvan die stam sag word, dis 'n teken, dis deel van Jesus se beantwoording van die twee vrae toe daardie 4 dissipels die Here gevra het dat wanneer sal al hierdie dinge wees... wat sal die teken wees. Die stam en die takke van die vyeboom word sagter...dit wys die somer kom nader, waar ons weet somers is in Israel hulle swaarste seisoen. Dis warm, dis droog, dis stowwerig, tog moet daar somers wees voordat daar weer lente kan wees. Dit bly 'n onafwendbaarheid. Die lewe is vol van die onafwendbare, dinge wat gebeur, dinge wat ek graag anders sou wou hê, maar ek kan dit nie verander nie. Dis deel van vandag se preek, maar tog moet ons baie besig wees te midde van die onafwendbare moet ons weet daar is dinge wat ons moet kan verander. Ek moet besig wees met die afwendbare...

\*\*\*

In Markus 13:33 wat Markus se weergawe van die profetiese rede is staan dit dalk nog duideliker- *33 Pas op, waak en bid, want julle weet nie wanneer die tyd daar is nie.* Pasop, waak, bid- hoe belangrik tog hierdie drie dinge, dinge wat soos wat die lewe al verder gaan, al hoe meer moet gebeur, alles word al ouer, niks kan in werklikheid vernuwe nie, weereens deel van die onafwendbare... want die oomblik as iets nog nuut is, daardie dieselfde oomblik het die veroudering klaar begin. Dit werk letterlik met alles so! Maar om versigtig te wees, om wakker te wees en om 'n biddende kind van die Here te wees, dit is dinge wat nooit uit die mode, outyds, afgehandel heeltemal verouderd kan raak nie. Hoe belaglik ss iemand vir jou sê om te bid is outyds, of dat ek werklik versigtig met my lewe en tyd moet omgaan, dis nuut om dit elke dag te doen, elke dag daarmee besig te wees. In alles om wakker te wees is waaroor dit eintlik gaan. Die kersie op die koek, net as ons wakker is, kan ons werklik biddend wees en versigtig wees.

\*\*\*

Dit is die dinge wat ons te midde van die onafwendbare wel van ons moet laat afwentel, want weet ons broeder en suster, die mens laat hom nie meer bangpraat nie. Mense laat hulle nie skrikmaak nie. Ons kan hier dink aan hoe die meeste van ons maar maak as ons deesdae op 'n vliegtuig klim. Dit is prosedure dat die lugwaardin daar voor gaan staan en die hele storie moet deurgaen van wat daar gedoen moet word as die vliegtuig in die moeilikheid raak. U kan maar die passasiers dophou, baie min gee werklik intense aandag aan wat gesê word. Sal eerder nog gou 'n SMS wil lees of stuur, gou nog 'n oproep maak, besigheidsmanne sit eerder voor opstygning net vir oulaas met hulle rekenaars oopgevou want is hulle gedagtes eintlik al op die vergadering wat daar anderkant wag. Daardie oorbekende rympie wil hulle tog nie nou nog 'n maal hoor nie. Die ander een hou veel eerder sy neus in die koerant want maak hy asof vandag se hoofopskrifte werklik baie van gister s'n verskil. Nou kan ons ons maar net indink, gestel die onafwendbare gebeur, daardie vliegtuig begin af te wentel, daardie dieselfde mense wat so gemaak het asof hulle alles onder beheer het, hoe sal hulle in die lug begin gryp, begin skree, begin skarrel, sou daardie vliegtuig in die moeilikheid raak en dit begin te val.

\*\*\*

Dit is 'n heel moderne toepassing op iets wat ons vandag in God se Woord onself mee kan meet. Verwag ons na al die eeue werklik nog iets soos die wederkoms. Is dit nie al iets wat mens jou eintlik nie mee moet moeg maak nie. Hoeveel leef met die idee dat ek my nie eintlik kan indink dat so iets nog sal gebeur nie. Die gange van ons elkeen se lewe is hardloop gange, ons hou ons met baie dinge besig, maar wil dit voorkom, vandag het God met ons oor drie gange te praat. Die gewone gang, die skeidings-gang en die finale gang.

Die gewone gang beskryf die Here aan ons aan die hand van hoe dit gegaan het in die tyd van Noag. Toe Noag gelewe het, het mense maar elke dag soos gewoonlik die oggende opgestaan, geëet, gedrink gewerk, gekuier, verliefdes het getrou, daar is baie gestry, verskil, verhoudinge het swaargekry, klomp dinge... dit was slegte tye want lees ons wel iets baie swaar in Gen. 6:5 -5 *Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was, 6 het dit die HERE berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in Sy hart.*

Op die oog af het dinge in Noag se tyd normaal gelyk, tog in God se oë lees ons wat daar werklik aan die gang was. Alles lyk in plek, dinge gaan grotendeels hulle normale gang, u mag dalk wonder wat is die verskil in ons tyd en in Noag se tyd. Die antwoord is daar is geen verskil nie. Ons laat ons nie maklik waarsku nie, ons hou van ons gerief, ons kan nie verstaan dat mense oor die verlede en die toekoms hulle moeg maak nie. Al word dit nie gesê nie, wys die meeste se lewe dat al wat eintlik saakmaak is dit waar rondom my lewe draai. As die Here sê dit sal wees net soos die dae van Noag dan bedoel die Here ons dae.

\*\*\*

Die gewone gang noem ons dit, maar tog wil dit nou al duideliker begin word die gewone gang gaan word 'n skeidingsgang. Die dag wat so onverwags gaan kom, soos 'n dief in die nag, onafwendbaar gebeur dit, laat ons weer na Noag teruggryp. Agter die gewoon alledaagse gaan die dag ingryp soos wat daar nog nooit op aarde die geval was nie. Waar in Noag se tyd God se ingrype begin het met water, die strome wat al meer en meer geword het. Die angskrete van die niksvermoedende mense. Ons kan ons net daardie gesig in die tyd van Noag probeer indink toe die huise se kleimure begin wegbreek en die vallei al meer met die water toegestoot raak. Nou bring Jesus dit oor na die moderne tyd maar dit is nie te sê mense

het werklik meer modern geword nie. Inteendeel God is vir die grootste hoeveelheid van mense op hierdie aarde geen faktor nie. Die wat hulle nog werklik aan die Here gebind is, wie se verwagting lewend is, hulle is vreemdelinge op die aarde, hulle lyk soos arke op droë grond. Vreemd sal dit wees om 'n vreemdeling te moet bly wees.

Totdat 'n skeidslyn getrek sal word. Die grootste verdeling van mense wat sal plaasvind, wat geen mens enige sê oor sal hê nie, maar dit sal almal van hulle tone tot die haar punte ten diepste raak. En ons dan besef God se skeidslyn is hoe God dit trek, ja dit sal geen verband toon met hoe ons as mense mekaar baie keer oordeel en takseer nie. God kyk baie dieper, deur die mens, selfs waar twee mense op dieselfde land werk, die een word saamgeneem, die ander een agtergelaat. Uit dieselfde geslag, uit dieselfde beroep, selfs uit dieselfde huisgesin. Die skeidslyn sny radikaal, selfs tussen man en vrou wat op dieselfde bed was kan die lyn hulle twee van mekaar skei. Dit gaan ook nie saakmaak hoe jy lyk, wat jy in ander mense se oë was nie, of wat jy van jouself gedink het nie. Dit gaan nie ons einde bepaal nie.

Broeder en suster- Omdat dit so onverwags gaan wees, moet ons elke oomblik gereed wees. Daarom voor hierdie gang van skeiding, is vers 42 en daardie oproep van waak, wees versigtig, bid, dit is waaroor die lewe moet gaan. Vers 42 wat ons oproep **42 Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie...**

Die skeidingsgang word die finale gang. Ons staan eintlik maar ook voor die deur van die ark. Daar was net een ark in die tyd van Noag, daar was net een deur waar die mens kon ingaan. Daardie enigste poort wat daar vir ons kan wees is Jesus Christus. Hy het met sy dood en opstanding die ewige poorte vir ons as sondaars oopgemaak. In alles die besef soos daar by Noag net een ark was so is daar net een Here Jesus Christus. Ons lewe nog op die droë grond, ons het nog 'n gelykweg om by die Here uit te kom. Alleen Christus se kruis en sy opstanding, alleen Christus het die lewe waarin ons kan lewe. Die vraag is of u wel die ark van ons tyd nog wil binnekom. Die genadeverbond maak die deur oop. Wie hierdie deur verbyjaag, wie nie belangstel om in te kom nie, wat maar verbyjaag met sy lewe, die gevolge staan in die finale gang. Daar waar die Here die gelykenisse inkleur van mense wat deelgenote sal wees van geveinsdes, dinge wat hulle nie nou wil hoor nie, dinge wat hulle

niks van wou weet nie, dan is dit te laat. Dan is die geweene en die gekners van die tande net sulke groot realiteite soos die berou maar dit is dan te laat.

In die finale gang is die wonderlike troos vir die ware gelowiges die verbondsgang van die lewe. Om nou as kind van die Here hierdie woorde daardie middag van 'n Dinsdag ons lewe mee om te vou, is genadetyd. Om met die Heilige Gees wat op 'n Sondag soos hierdie uitgestort was, tien dae na hemelvaart, dit is wonderlik om deur die Gees voorbereid te mag wees, verseël te mag wees dat God sal my nie los nie, Hy sal my nie verlore laat gaan nie. Om hierdie taal te verstaan, die verbondstaal, wat eintlik die geloofstaal van die gereformeerde is, watter voorreg, watter genade om in die geloof al reg te kies, om voorberei vir God in te wag, om op sy spoor, die spoor van Jesus Christus te mag volg. Om God se hand op ons skouers te mag voel, wat ek weet God is hier by my, al ken ek nie die dag en datum van sy finale koms nie, hoegenaamd nie, maar ek ken Hom om Wie dit werklik gaan. Pas op, waak en bid, dit is wat werklik nou saakmaak. Dit is waarmee ons voorlopig hierdie laaste week van Jesus op aarde mee afsluit. Laat ons werklik wakker wees oor die tyd waarbinne ons is, laat ons versigtig wees in wat ons aanpak, in wat ons dink in wat ons van mekaar sê, laat hierdie laaste Dinsdag wat Jesus op aarde was ons werklik aanspoor om in ons gebede te volhard dat die koms van die Here gou mag – Maranatha- Kom Here Jesus, kom gou!

AMEN